

VERSLAG: AFTREE-OUDERDOM VAN PREDIKANTE

1. INLEIDING

Die Algemene Taakspan Predikantesake (ATP) het, saam met ander opdragte, die taak om om te sien na die versorging en welwese van predikante. Die ATP verstaan dat hierdie verantwoordelikheid nie beperk is tot slegs dienende predikante nie, maar dat dit ook emeriti (afgetrede predikante) insluit. Tans bestaan daar verskeie inisiatiewe en programme in die kerk (dit wissel van sinode tot sinode) om predikante voor te berei en te ondersteun vir hulle naderende aftrede.

Een van die knelpunte wat telkens in navorsing oor predikante na vore kom, is die bekommernis oor finansiële sekuriteit na afgetrede. Hierdie besorgdheid by predikante is nie iets wat eers ná aftrede opwagting maak nie, maar het alreeds tydens hulle bediening 'n wesenlike invloed op die gemoedstoestand en werkverrigting.

2. AFTREE-OUDERDOM

Sedert 1982 is die amptelike aftree-ouderdom van predikante 65 jaar. In 1986 is daar 'n wysiging aangebring dat 'n predikant op versoek van 'n kerkraad ses maande langer kan aanbly in sy pos. Dit is opvallend dat vele predikante hoop om van hierdie vergunning gebruik te maak om sodoende nog 'n addisionele inkomste te verdien. Sedert 2013 bestaan daar 'n reëling dat emeriti onder bepaalde voorwaardes en met goedkeuring van die ring toegelaat word om tot op ouderdom 70 in 'n vastetermynpos beroep te word. Bykans die helfte van predikante wat aftree-ouderdom nader, dui aan dat hulle sal verkies om aan te hou werk en dus van hierdie reëling gebruik te maak.

In 2015 het die kerk begin kennis neem dat 'n buitengewone aantal predikante op die drumpel van aftrede staan. In daardie stadium is beraam dat 57% van voltydse predikante binne die volgende vyftien jaar kan aftree. Terselfdertyd het predikante begin aandui dat hulle sou verkies om langer in die arbeidsmark te wees. Dit word deur die volgende statistiek bevestig: In 2015 het 75% van respondente aangedui dat hulle op die normale aftree-ouderdom wil aftree. In 2018 het hierdie syfer gedaal na 42%. In 2015 het slegs 15% aangedui dat hulle na 65 sal wil aanhou werk, terwyl hierdie persentasie na 45% gestyg het in 2018. Verder sien meer as 36% in 2018 kans om eers op 70 of daarna af te tree. (Alsemgeest, Schoeman & Swart • Stellenbosch Theological Journal 2016, Vol 2)

3. NAVORSINGSRESULTATE

Oor predikante se beleving van hul gemeente, persoonlike welstand, finansies en persepsies oor aftrede, het dr. Theo Swart insiggewende navorsingsresultate gepubliseer in: Predikante Paneel II van 2018: *Bespreking van vrae oor die aftrede van predikante*. Die volgende merkers kan oor die aftrede vraagstuk aangeteken word:

- In 2015 het 38% van predikante aangedui dat hulle genoeg voorsiening vir hulle oudag gemaak het en dat hulle nie bekommerd is oor aftrede nie. In 2018 kon slegs 13% dit bevestig.
- Aan die ander kant: In 2018 dui 61% van predikante aan dat hulle onseker is of hulle gedurende hul aftrede gemaklik sal kan leef en dat hulle bekommerd is oor hulle finansiële situasie na aftrede.
- Slegs 16% van predikante glo dat hulle hulle lewenspeil sal kan handhaaf na aftrede.
- Die gesondheid van predikante het oor tyd progressief aansienlik verbeter - volgens hulle eie mening. 85% van hulle is positief om deur 'n mediese ondersoek geskik verklaar te word vir werk na die aftree-ouderdom van 65.
- 'n Derde van respondente het te kenne gegee dat hul wel vervroegde aftrede sal oorweeg, indien dit hulle nie finansiële benadeel nie. Dit toon aan dat finansiële oorwegings die rede is om aan te hou werk, en nie noodwendig 'n keuse is wat met roeping te doen het nie. Hierdie groep hoop om na aftrede in termynbepaalde poste te werk en so hulle inkomste aan te vul.
- Daar is baie predikante wat, nadat hulle aftreeouderdom bereik het, nog steeds 'n vastetermynpos of kontrakpos sal wil hê, nie soseer omdat hulle wil nie, maar hoofsaaklik oor finansiële redes.
- Daar bestaan 'n persepsie onder emeriti dat die kerk nie werklik omgee vir hul welstand nie, ten spyte van die feit dat hulle 'n leeftyd in die kerk gedien het.

- Saam met aspekte soos verlies aan identiteit en status, aanpassing in lewenstyl, verhuising na 'n kleiner woning, veroorsaak die bekommernis oor finansiële sekuriteit angs by predikante wat hulle aftreedatum nader. Dit kan 'n invloed op hulle werksprestasie hê.
- 'n Ander belangrike statistiek om van kennis te neem is dat daar tans minder predikante in hulle eie huisvesting woon as in 2015. Dit het waarskynlik te doen met 'n ekonomiese realiteit van swakker finansiële vermoë en eskalerende pryse van behuising. Dit word al hoe moeiliker om 'n eie huis aan te skaf. 'n Kommerwekkende syfer is dat 'n kwart van predikante ouer as 60 in 2018 aangedui het dat hulle geen idee het waar hulle gaan woon ná aftrede nie.
- Dit is duidelik dat 'n groot aantal predikante nog fiks en geskik is vir die bediening teen die tyd dat hulle aftree-ouderdom bereik. Dit word bevestig deur die beduidende persentasie predikante wat na aftrede gekontrakteer word in termynbepaaldeposte.
- Predikante wat na aftrede gekontrakteer word, word dikwels onderbetaal en byvoordele soos pensioen en medies verval. Dit geskied tot voordeel van die gemeente se finansiële posisie, maar lei dikwels onbedoeld daartoe dat die gemeente nie volledig bedien word nie.
- Kennis moet geneem word van die feit dat daar 'n internasionale neiging is om die aftree-ouderdom te verhoog. Byvoorbeeld: in Nederland is die aftree-ouderdom tans 68 jaar. Hierdie ouderdom word ook deurlopend steeds jaarliks verhoog met 'n paar maande volgens 'n bepaalde formule.
- Gemeentes se finansiële vermoë is aan die afneem. Dit lei daartoe dat predikante:
 - dikwels nie op skaal vergoed word nie.
 - se pensioenbydraes dikwels op laer vlakke vashaak of baie stadig tot die maksimum kerf vorder. Veral jong predikante word toenemend op laer kerwe begin en onbepaald daar gehou. Dit gebeur ook dat daar kerfverlagings plaasvind as gevolg van die finansiële posisie van die gemeente.
 - toenemend na aftrede in termynbepaaldeposte aangestel word. Hierdie is egter 'n probleem, want alhoewel dit vir beide partye 'n oplossing blyk te wees, gebeur dit dat hierdie predikante aan die een kant ingedoen word en aan die ander kant beperkte dienste lewer omdat hulle sodanig vergoed word. Dit het 'n verdere nadeel omdat die gemeente dikwels met slegs 'n bediening van blote instandhouding tevrede moet wees. Die werklikheid is dat beide partye eintlik verloorders is in hierdie model.

4. PENSIOENINKOMSTE

Dit is 'n erkende feit dat die lewensverwagting van mense (veral eerstewêreldburgers) aan die toeneem is. Predikante is hier geen uitsondering nie.

Met die konstante bo-inflasie styging van die premies van mediese fondse en mediese versorging, gaan mediese uitgawes 'n toenemende probleem vir predikante en hulle gades met lang lewensverwagting wees.

By die meeste pensioenfondse ontvang 'n predikant by aftrede 'n "lump sum" (totale fondswaarde). Dit is die totale waarde van sy kapitaal wat herbelê moet word om sodoende 'n annuïteit inkomste (pensioen) te koop. Die ideaal is dat hierdie bron (fondswaarde) wat vir die res van sy lewe 'n volhoubare inkomste moet verskaf, jaar na jaar steeds sal groei, ongeag die onttrekking (pensioenuitbetalings) wat plaasvind.

'n Predikant wat aftree met 'n fondswaarde van R6 miljoen, kan teen die aanbevole jaarlikse onttrekkingskoers van 4.5% 'n voorbelaste jaarlikse pensioeninkomste van R270 000 verwag. Dit beteken 'n voorbelaste maandelikse pensioen van R22 500. Dit is onrusbarend laag, want as in gedagte gehou word dat die mediese fondsebydrae en inkomstebelasting hiervan afgetrek moet word, kan dit beteken dat 'n pensionaris met 'n bedrag van minder as R15 000 per maand moet deurkom. Hier moet verder in gedagte gehou word dat, terwyl inflasie die koopkrag van die pensioeninkomste jaar na jaar verminder, die maandelikse pensioeninkomste van R22 500 nie styg nie. Hierdie syfers beteken nie net 'n dramatiese verlaging van inkomste en lewenstandaard by aftrede nie, maar dui op 'n ander onrusbarende gevolg naamlik dat 'n afgetredene vanaf ouderdom 66 tot en met 86 vir twintig jaar geen inkomste verhoging gaan hê nie, terwyl sy lewenskoste jaar na jaar styg. Veral mediese uitgawes het die potensiaal om hand oor hand toe te neem. Dit verg nie 'n profeet om raak te sien dat so 'n emeritus baie gou in 'n finansiële verknorsing gaan wees nie. In so 'n geval sal die versoeking groot wees om die jaarlikse onttrekkingskoers te verhoog. So 'n besluit sal egter 'n baie negatiewe impak op die waarde van die persoon se fondswaarde hê, die volhoubaarheid daarvan onder druk plaas en selfs erodeer.

Dit sal tot gevolg hê dat die pensioenaris se kapitaal (wat inkomste moet verskaf) uitgeput gaan wees voordat hy die einde van sy lewe bereik. Dit moet ten alle koste vermy word.

5. VERHOOGDE FONDSWAARDE BY AFTREDE

Om 'n voldoende volhoubare pensioeninkomste vir ongeveer twintig jaar na aftrede te hê, moet die totale fondswaarde ("lump sum") so groot as moontlik wees wanneer 'n persoon aftree. Die ideaal sou wees dat 'n fondswaarde nader aan R10 miljoen by aftrede moet wees. In so 'n geval lyk die syfers heelwat beter. 'n R10 miljoen fondswaarde gee teen 'n 4,5% onttrekkingskoers 'n voorbelaste jaarlikse pensioeninkomste van R450 000. Dit is 'n maandelikse pensioen van R37 500.

6. GEVOLGTREKKING

Teen die agtergrond van die statistieke, feite en tendense hierbo genoem, is die taakspan van mening dat predikante in 'n posisie gestel moet word dat die fondswaarde van hulle pensioen ("lump sum") by aftrede merkbaar verhoog word. Maatreëls behoort getref te word om dit vir predikante moontlik te maak om betyds 'n stewige pensioen te bou.

Een van die logiese stappe sou wees dat die bydraevlakke van beide die werkgewer en werknemer verhoog word, maar die kwynende finansiële vermoë van gemeentes, asook die diversiteit in finansiële profiele van gemeentes, maak dit onmoontlik.

Gevolgtrek stel die taakspan voor dat die aftree-ouderdom van predikante in die toekoms verhoog moet word na 68 jaar. Met die hefboomeffek van saamgestelde rente en die ekonomie van skaal is dit 'n bekende feit dat die totale fondswaarde ("lump sum") onder normale ekonomiese omstandighede die grootste groei toon in die laaste deel van die fonds se lewe. 'n Addisionele drie jaar, waar daar voluit pensioenbydraes gemaak kan word en geen kapitaal of opbrengs uit die fonds geneem word nie, behoort 'n merkbare impak op die groei van die fondswaarde te hê.

Die taakspan is bewus daarvan dat 'n verhoging in aftree-ouderdom van 65 na 68 problematies kan wees ten opsigte van bestaande diensooreenkomste van predikante in onbepaalde termynposte (voltydse permanente poste). Dit kan nie van kerkrade verwag word om diensooreenkomste goedsmoeds aan te pas sodat die aftree-ouderdom verhoog word nie. Gevolgtrek stel die taakspan voor dat die verhoging van die aftree-ouderdom van 65 na 68, slegs van toepassing gemaak word op persone wat na Oktober 2019 in voltyds-onbepaalde termynposte beroep word en dat dit so in diensooreenkomste aangebring word. Ten opsigte van persone wat tans in voltyds-onbepaalde termynposte is, rus die onus op die werkgewer om, indien die behoefte bestaan, die aftree-ouderdom van huidige voltyds-onbepaalde termynposte te verhoog en so op 'n ad hoc basis ooreen te kom met die werknemer. In hierdie geval geld die maksimum ouderdom van 70 jaar steeds.

7. AANBEVELING:

Die Algemene Sinode besluit dat die:

- **aftree-ouderdom van predikante van 65 na 68 jaar verhoog word.**
 - **aftree-ouderdom van 68 jaar slegs van toepassing is op diensooreenkomste wat ontstaan ná Oktober 2019.**
 - **aftree-ouderdom van bestaande diensooreenkomste slegs aangepas kan word op versoek van die werkgewer.**
-